DIE HOËRSKOOL MENLOPARK · EXCELSA PETAMUS · 60 · 1963 | 2023

# menlo-insig

8/2023

## LIEWE MENLO

*Barbara du Toit is vandeesweek aan die woord met haar (verkorte) toespraak wat sy vroeër vanjaar tydens die inhuldiging van die Parkieraad gelewer het.*

*Lekker lees!*

Iets belangriks het tydens die Parkieraadkamp gebeur. So tussen die reënbuie en aktiwiteite is die toekoms herdefinieer. Met die visie om vanjaar 'n impak te maak wat 'n onuitwisbare spoor op Menlo-bodem agterlaat, deel ons graag die plan van aksie.

Ons missie: EXCELSA PETAMUS, IN PARVIS. Streef die hoogste in die klein geleenthede na. Hierdie woorde herinner jou dalk aan 'n One Direction-liedjie, maar in hierdie uitsonderlike jaar, Die Hoërskool Menlopark se sestigste bestaansjaar, wil die Parkieraad elke oomblik benut om die Parkies te dien sodat vanjaar vir almal ewigheidswaarde kan dra.

Ewigheidswaarde? In klein geleenthede?

God sê in Lukas 16:10: "Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar." Menlopark, God sal jou seën vir jou getrouheid om die klein dinge reg en voluit te doen: Groet, 'n papier optel, jou vriende vra hoe hulle dag was. Hy sal jou seën deur jou te vertrou met die groot geleenthede wat in die toekoms oor jou pad sal kom. Ons wil hierdie jaar gebruik om Hom in elke klein geleen*TYD* te eer.

Dit is geen maklike taak nie – ons weet dit. Daar is gelukkig 'n betroubare maatstaf waarmee ons die Menlo-manier kan meet: integriteit, lojaliteit, respek en ywer.

Ons wil jou vanjaar help om jou suksesverhaal te skryf sodat jy oor 60 jaar kan terugkyk en dankbaar wees vir élke sekonde van 2023: Die hoogtepunte en die laagtepunte, want groot sukses skuil in klein geleenthede.

365 dae.

8 760 uur.

525 600 minute.

31 536 000 geleenthede.

Voor ek afsluit, is dit eers tyd vir somme maak:
155 Parkieraadslede x 1 600 Parkies x 31 536 000 geleenthede is gelyk aan sestig jaar se impak. Kom ons hou mekaar verantwoordbaar vir 'n suksesverhaal met ewigheidswaarde.

Ons vir jou, ons Menlopark!

Excelsa Petamus, in Parvis.



## MENLO MA'S WAT OMGEE

*Ouers word aan die gebedsbyeenkoms, wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.*

**Teks: Psalm 91:1-4**

Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou. Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes. Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser.

## DAGBOEK

**10/3**
Tennis: GN-liga (Senior seuns) & Gerrie Berner Dogterstoernooi (Paarl)

**11/3**
Atletiek: Gauteng-Skolekampioenskap
Wintersport: Transvalia (Tuis)
Perdesport: SANESA-liga 2

**13/3**
Netbal: Tshwane-proewe – o. 16 en o. 17 (Pretoria-Noord)
Redenaars: Van Huyssteens Oratorsfees: Gala-aand en finaal (Waterkloof)

**14/3**
Netbal: o. 18-proewe (Erasmus, 14:00)
Tennis: GN-liga (Junior dogters)
Akademie: Franse-aand
(Saal, 16:00 – 20:30)

**15/3**
Dogtershokkie: Beaulieu College (Eerstespan)
Netbal: Tshwane-proewe – o. 14 en o. 15 (Eldoraigne)
Tennis: GN-liga (Senior dogters)

**16/3**
Tennis: GN-liga (Junior seuns)
Wintersport: E.G. Jansen (Weg)






# VAKATURES

## Akademiehoof: Dogtershokkie
## Akademiehoof: Seunshokkie

Aanvangsdatum: **Onderhandelbaar**

Die geskikte kandidaat moet aan die volgende minimum vereistes voldoen:

- Uitnemende bestuurs- en organisatoriese vaardighede.
- Bewese ervaring in 'n leierskapsposisie.
- Bewese sukses as afrigter (met minstens drie tot vier jaar ondervinding).
- Finansiële en administratiewe vaardighede.
- Goeie menseverhoudings en uitstekende kommunikasievaardighede.
- Ervaring in opvoedings- of skoolomgewing sal as aanbeveling dien.
- Ondervinding in die bevordering van spelerontwikkeling.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

**MENLO**
**Hokkie**


Stuur 'n volledige CV na
hoof@menlopark.co.za

***Sluitingsdatum: 14 April 2023***

**Word deel van die Menlo-ritme en die Menlo-lewe!**

www menlopark.co.za   AbsolutMenlo

# ALGEMEEN




## Sê Menlo…!

Die Parkies is onlangs afgeneem en die foto's is gereed! Elke leerder het 'n fotokoevert ontvang. U word versoek om die vorm op die koevert te voltooi en die koevert so gou as moontlik aan die skool terug te besorg.

## Die A B C van uitteken

Elke Parkie se veiligheid is belangrik. Dit is daarom noodsaaklik dat die skool se uittekenprosedure nougeset gevolg word. Vir u gerief herinner ons u graag aan die korrekte uittekenprosedure.

### Afsprake gedurende skoolure

1. Probeer asseblief om afsprake buite skoolure te reël.
2. Die ouer stuur 'n e-pos aan die graadvoog om inligting rakende die versoek dat die leerder die terrein vroeg moet verlaat, te gee.
3. Die leerder neem sy/haar Werkplan na die graadvoog. Die graadvoog teken die leerder se Werkplan en neem kennis van die rede waarom die leerder die terrein moet verlaat. Hierdie stap word die dag voor die leerder se afspraak afgehandel.
4. Die uittekenbladsy in die Werkplan word deur die vakonderwysers vir die periodes wat deur die leerder misgeloop gaan word, geteken. Hierdie stap word die dag voor die afspraak afgehandel.
5. Ouers meld by die kantoor aan wanneer kinders die terrein moet verlaat. Die leerder sal dan uit die klas geroep word. Maak asseblief in u beplanning voorsiening hiervoor.

Indien 'n leerder tydens skoolure siek word, moet hulle by ontvangs aanmeld. Ouers sal dan geskakel word.

# AKADEMIE



## 2022-uitslae vir oulaas gevier

Die Hoërskool Menlopark se bydrae tot onderwys is verlede week by die Tshwane-distrik se prysuitdeling erken. Die Parkies se puik uitslae behoort egter nie net aan ons nie, want dit is die resultaat van die insette van verskeie rolspelers. Baie dankie aan elke onderwyser wat paaie met die Parkies gekruis het – van graad 1 tot graad 12 – die leerders, ouers én gemeenskap; julle bydraes is onlosmaaklik deel van die skool se sukses. Die skool het die volgende toekennings ontvang:

- Eerste plekke in die distrik vir Geografie, Lewenswetenskappe, Fisiese Wetenskappe en Wiskunde.
- Trofee vir die skool met die beste 2022-matriekuitslae.

Die skool wens elke rolspeler hartlik geluk en wens die Klas van 2022 alles van die beste toe.





# AKADEMIE

## Parle-vouz français?

Jana Fouché en Anje Verwaard, albei in graad 10, het verlede week aan die Gautengse streeksafdeling van die Franse Spelling Bee (Epelle-moi) kompetisie deelgeneem. Die kompetisie is eintlik op graad 11-leerders gemik, maar dit het die twee glad nie gestuit nie. Jana het in die vyfde posisie geëindig, terwyl Anje na die nasionale kompetisie deurgedring het. Hier sal Anje teen leerders van onder andere Lesotho en Malawi te staan kom. Die Menlo-gees was oudergewoonte aansteeklik en die organiseerders kon nie anders nie as om die ondersteuners óók geluk te wens. Die Insig bedank graag vir me. Mia-Louise Nel, die deelnemers asook die ondersteuners wat verseker het dat die atmosfeer by die kompetisie absolut elektries was. #menlotrots

## Hoe kraak jy 'n eierdop...?

Die Parkies weet ook nie.


Daar is verlede week hard probeer om eiers te kraak. Dit is laat val en selfs gegooi, maar so goed het die graad 8's hulle van hulle taak gekwyt om 'n struktuur te bou wat eiers teen swaartekrag beskerm dat elke eier die gooi-en-val-toets oorleef het.

Knap gedaan, graad 8's!










## Trappe van vergelyking


Elke skoolkind weet dat 'n mens ál die stappe moet toon wanneer jy wiskunde doen.

Dit kan dus gesê word dat die pad na sukses in wiskunde stap vir stap plaasvind.

Soms verdwaal jy tussen die syfers, hoeke en grade en weet 'n mens nie aldag wat die eerste stap is nie.

Die raad?

Gebruik die stappe en klim die trappe van vergelyking na wiskundesukses.



# DEBAT

## De-WAT? Menlo debatteer 'n storm los!

Menlo se voorste stryers was verlede naweek by die ATKV-debatskompetisie in aksie. Die debatteerders is die afgelope paar weke van gewone tieners na kenners op die gebied van stedelike landbou (juniors) en die kiesstelsel (seniors) getransformeer. Die navorsing het vrugte afgewerp, want Menlo se spanne het hulleself uitstekend van hulle taak gekwyt.


Baie geluk aan mee. Charlotte Buitendag (hoofafrigter), Tanya Matthysen (seniors) en Sunel Rossouw (juniors), asook aan elke Parkie-deelnemer en afrigter met goeie uitslae. Die volgende Menlo-spanne het as wenners uit die debatstryd getree:

**Juniors:** Karla van Rooyen, Mila O' Connel en Nathan Matthee & Le Roux van Wyk, Luan Visser en Erik Senekal.

**Seniors:** Milandri Schutte & Rijanli Oerlemans, Bernu Pieters & Anje van Papendorp, Altus Malan & Ilme Taljaard, Carla Sephton & Nikita van der Westhuizen, Ewald Meyer & Daneal Roode, Carli Dicks & Devan Matthee.

Die skool is besonder trots op Le Roux, Luan en Erik en Milandri en Rijanli wat die skool in Mei in die semifinale ronde sal verteenwoordig.

'n Laaste woord van dank word aan Kaitlin Meyer en Nina Dicks gerig wat as *debatkorvee* (tydhouer en voorsitter) opgetree het en 'n toonbeeld van diensbaarheid in aksie was.














# LEIERSKAP

## Nuwe verteenwoordiger vir junior stadsraad verkies

Die skool wens vir Ryan Hill, gr. 10, geluk met sy verkiesing tot die junior stadsraad – 'n niewinsgewende organisasie wat sedert 1979 bestaan. Die junior stadsraad se belangrikste taak is om geleenthede te reël om geld vir liefdadigheid in te samel. Twee verteenwoordigers van verskeie skole dien op die raad en Ryan sluit hom by Keira de Jager aan. Menlo wens vir Ryan sterkte toe met die uitdagings wat hierdie geleentheid oor sy pad sal bring.

# ATLETIEK

## Parkies kraai koning by Gauteng-kampioenskap

Gauteng se atletiekkampioenskap vir skole het verlede naweek plaasgevind en die Parkies was oudergewoonte slaggereed. Hier volg die uitslae:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Alicia Khunou | o. 17 | Goud | Diskus en Gewigstoot | |
| Chaliz Welgemoed | o. 19 | Goud | Spiesgooi | |
| Anika de Klerk | o. 19 | Goud | Verspring | |
| Chris Swanepoel | o. 15 | Silwer | Diskus | |
| Mia Uys | o. 19 | Silwer | Driesprong / Brons | Verspring |
| Katelynn Blokpoel | o. 15 | Silwer | Spiesgooi | |








# TENNIS

## Menlo-MixIt-Toernooi: mengsel van sport, swem en son

Ofskoon die Sun City Menlo MixIt Toernooi 'n mengsel van sport, swem, son en selfs 'n bietjie huiswerk is, was die Parkies se welslae beslis nie gemeng nie. Baie geluk aan die Menloparkers wat hulle spelpeil toernooi na toernooi lig om uitstekende resultate te behaal én aan die afrigter, mnr. Hendrik Coertzen, vir sy insette. Me. Elné Coertzen, organiseerder, verdien 'n pluimpie vir haar aandeel aan die spelers se sukses. Dankie Menlo!

**Senior A-span** **Wen die toernooi**

Seuns Jandré Viljoen, Val Ceronio, Waldo du Plessis, Divan Heyman & Francois Zerwick.
Dogters Karina Pont, Jeanri Richter, Kara Heyl, Danielle Korff & Celeste Klopper.

**Junior A-span** **Derde in die senior afdeling**

Seuns Liam Badenhorst, Joshua Smit, Stefan Jansen van Vuuren, Markus de Jager & Daniël Palmer.
Dogters Megan Fourie, Simoné van Zyl, Carmen Nel, Melissa Meyer & Milah Beyers.

**Junior B-span** **Derde in die junior afdeling**

Seuns Johan Bosch, Ludwig van Ginkel, Nicholas Pretorius, Jaden vd Westhuizen & Jan-Hendrik Swanepoel.
Dogters Izelee Erasmus, Annika Kloppers, Robyn de Kock, Karli Ligthelm & Lente Hofmeyr.



# MUURBAL



## MMA lewer puik spel in Rosestad

Het jy jou visier op 'n plek in die SA skolespan? Dan moet jy eers jou vaardigheid en vernuf in Technifibre se junior ope in Bloemfontein ten toon stel. Die toernooi spog met bykans 'n halfduisend inskrywings en word nie verniet as een van die grootste muurbalkompetisies beskryf nie.

Baie geluk aan die sewe MMA-spelers wat hulle man in Bloemfontein gestaan het asook aan me. Liz Mackenzie wat hot en haar gery het om te verseker dat sy die Menlo-spelers by al tien die klubs waar die toernooi plaasgevind het, te siene kry. Hier volg die uitslae:

Conrad Ehlers (o. 14; 21ste), Gustav Grosskopf (o. 14; 31ste), JD Smuts (o. 16A; 15de), Joseph Myers (o. 14; 7de), Luzé Niemand (o. 19B; 1ste), Melissa de Wet (o. 16A; 28ste), Riaan Agenbacht (o. 14; 10de).

# NETBAL

## Wat maak 'n kamp so lekker?

Dis netbal, kuier en oefen! 140 dogters en vyftien afrigters het verlede naweek by Zwartkloof Natuurreservaat naby Bela-Bela gekamp om hulle netbalvaardighede te slyp. Strategieë is uitgewerk, vaardighede is verskerp en tussendeur was daar selfs tyd vir ontspanning en pret.

Die bordjies is by die kamp verhang, want dié keer was dit die onderwysers se beurt om toets te skryf – nie minder nie as agt skeidsregters het daarin geslaag om hulle gradering te verbeter. Knap gedaan!

Ons sien daarna uit om die resultate van die spelers se harde werk tydens die kamp op die baan in aksie te beleef. Baie dankie aan me. Jenni-lee Delport en haar span vir die kampreëlings.


















# SWEM

## Parkie wys haar slag

Marlouise Keet is pure goud! Hartlik geluk aan dié talentvolle swemmer wat uitstekend by die SA streekskampioenskap (vlak 2) gevaar het:

Goud: 100 m-vryslag, 200 m-individuele wisselslag, 200 m-rugslag

Silwer: 50 m-rugslag,

Brons: 50 m-vryslag

Vyfde plek: 100 m-borsslag

#menlotrots



# MMA

# MENLO-MUURBAL-AKADEMIE (MMA)

## LOOTJIEVERKOPE
## R50.00 PER LOOTJIE

### SLUITINGSDATUM: 17 MAART 2023

# WEN!! WEN!! WEN!!

## PRYSE:

- Skiet van 'n blesbokram by CARLSRUHE WILDRESERVAAT net buite Cullinan
- DUNLOP muurbalraket en sak
- R1 500 se geskenkbewys van NGUNI MOON - lekker, kwaliteit vleisprodukte
- SPORTMANS WAREHOUSE-geskenkbewyse
- BABYLONSTOREN-geskenkmandjies
- ROOMYSKOEK geborg deur House of Ice Cream, Olympus
- Geskenkbewyse van NIX AESTHETIC STUDIO vir "Hydration Cleanse with Lash Tint, Brow Tint and Brow Shape" ter waarde van R700
- "Swedish Back, Neck, Shoulder and Scalp Massage" ter waarde van R300

PARKIEBAL / MATRIEKAFSKEIDPAKKET

- Geskenkbewys ter waarde van R400 van ODETTE WILL HAIR & MAKEUP
- "Express Medi Pedi with Gel Toe Overlay" ter waarde van R450 van Nix Aesthetic Studio
- SORBET-geskenkbewys vir "Hands Gel Polish Power" ter waarde van R500

En nog vele meer ...




VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA

WORLD OF SQUASH
MENLO-MUURBAL-AKADEMIE


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Klerebank vir skoolklere met karakter
Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Klerebank vir sportklere met karakter
Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-KLEREWINKEL
Menlo-sportklere
en -sweetpakke
• Maandae, Woensdae & Vrydae: 07:00 – 08:00
• Dinsdae & Donderdae: 14:00 – 15:00
Mnr. Tinus Vermaak
082 322 6081


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Bemarkingskantoor
Menlo-T-hemp R130
Menlo-hoed R60
Menlo-pawiljoenkussinkies R80


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-
WISKUNDEKLASSE
14:10 – 15:10
Graad 8 Maandae
Graad 9 Dinsdae
Graad 10 Woensdae
Graad 11 & 12 Donderdae


FOTOMUUR #MENLO60
1. Neem jou beste #Menlo60 foto waar die feestema duidelik uitgebeeld word.
2. Laai die foto's (maksimum 5) na 'n lêer op jou Google Drive.
3. E-pos die 'link' asook jou naam, van, graad en klas na menlo60@menlopark.co.za.
SOKKIES-VIR-SESTIG
• Geblikte sokkies: R170
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
FEESJAARKOFFIEBEKERS
• Veilig vir die skottelgoedwasser: R50
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
VIER 60 SAAM!

# MARKPLEIN




hc couture
because you are unique!
Spesialiseer in die ontwerp en maak van matriekafskeidsrokke, trourokke, aandrokke en uitrustings vir enige spesiale okkasie -
koop en huur opsie beskikbaar
082 885 7809
www.hccouture.co.za
helen@hccouture.co.za
Helen Coetzee Couture
helencoetzeecouture




Jazz & Blues Festival 2023
featuring
Les Violons De Bruxelles from Belgium
The Mike Slavin Blues Project
The Art of a Jazz Trio
The Festival Jazz Band
Jam Session - All Cats Join In
THIS SUNDAY
12 MARCH
KLEINKAAP
BOUTIQUE HOTEL
11:00 - 18:00
Tickets available online at www.kleinkaap.co.za - events tab




Olive Branch
Sports Massage Therapist
Price list
Sports Massage R300
Back & Neck Massage ( 45 min) R250
Swedish Massage (60 min) R370
Deep Tissue Massage (60 min) R450
Foot & Leg Massage (30 min) R150
Emmie Olivier
Mobile Massage Therapist
065 387 9342
olivebranch.mobile@gmail.com




KOOP JOU
Geblikte
SOKKIES
Datum Beskikbaar vanaf 23 Januarie
Plek Finansiële kantoor
Prys R170
Wees gekol of gestreep,
wees #menlo60
menlopark.co.za
AbsolutMenlo


overkruin
uitrusters • outfitters
School Wear • Sports Wear • Work Wear
Pretoria Noord Tak
h/v Emily Hobhouse & Rachel de Beer straat
Tel: (012) 546 5718
Epos: sales@overkruinuitrusters.co.za
Spesiale Aanbod
(Skooldrag vanaf 1 Maart 2023)
Blazer 78 - 86 = R725.00
87 - 97 = R750.00
102 - 112 = R795.00
117 - 127 = R835.00
Seuns Grys Kortmouhemp (das)
34 - 38 = R225.00
39 - 43 = R235.00
44 - 50 = R245.00
Das R275.00
Skoolrok
10 - 11 = R575.00
12 - 16 = R615.00
17 - 20 = R655.00
Moulose Trui met wapen
32 - 34 = R295.00
36 - 40 = R315.00
42 - 46 = R335.00
Winter romp
66 - 74 = R305.00
76 - 84 = R325.00
86 - 92 = R345.00
Amptelike verskaffer aan Menlopark Hoërskool
Kontant vrye perseel


WEGBREEKFEES
Breek Weg & Leef Reg
KOM JOL SAAM MET 19 TOP SA KUNSTENAARS
29 APRIL MBOMBELA STADION NELSPRUIT
KAARTJIES BESKIKBAAR BY tixsa BESPREEK NOU!


CHRISTA STRYDOM
082 375 0981
christa@stevedoen.co.za
@steve-doen
www.stevedoen.co.za
STEVE DOEN
Beautiful Noise
29 APRIL 2023
VOORTREKKER MONUMENT AMFITEATER
WHATSAPP: 063 963 5467
iTickets.co.za


NAALDWERK VERSTELLINGS
KONTAK BERTA WHEELER BY:
073 501 8228
EQUESTRIA


Methodist Homes
Providing affordable, secure and caring accommodation and services to the elderly
Queenswood
OPEN DAY
SATURDAY 25 MARCH 2023
STARTING 9AM TILL 3PM
JOIN THE FAMILY
Live entertainment
Viewing of Units.
Meet and Greet.
Secure your Tomorrow.
Wrinkles will only go Where the Smiles Have been.
Our residents. Our Family. Our Passion.
CONTACT US :
012 391 2700
www.mha.co.za
3 Briscoe Lane, Queenswood, Pretoria
SEND YOUR INFO :
QWS.INFO@MHA.CO.ZA
Our residents. Our Family. Our Passion.
The Choice of Generations